

Donderdag 30 September

Skrifgedeelte: Judas:22-25

Fokusgedeelte: Judas:22-25

Reik uit na medegelowiges wat onder die invloed van dwaalleer is

In Judas:20 word ons opgeroep om te sorg dat ons eie geloof gesond aanhou groei. Ons verantwoordelikheid strek egter verder as net ons eie geloofsgroei. Ons het 'n opdrag om uit te reik na ons medegelowiges wat onder die invloed van dwaalleraars gekom het.

In hierdie uitreik na ander gelowiges noem Judas drie groepe met 'n spesifieke optrede teenoor elkeen van die groepe. Eerstens, word ons opgeroep om ons te ontferm oor medegelowiges wat twyfel. Wees genadig en bewys die liefde van die Here deur hierdie twyfelende gelowiges geduldig te leer uit die Woord van God. In die tweede plek, teenoor gelowiges wat nie maar net twyfel nie, maar eintlik al oortuig is dat die dwaalleraars reg is, behoort ons met streng vermaning op te tree. Ons behoort hulle ernstig op te roep om terug te keer na die waarheid van die geloof, aangesien hulle lewens daarvan afhang. Die laaste groep waarna Judas verwys, sluit die dwaalleraars in, asook almal wat met oortuiging by hulle aangesluit het. Ons versigtige uitreik na hierdie persone sluit toegewyde voorbidding vir hulle in, aangesien niemand buite die bereik van ons Here se genade is nie. Ons behoort egter versigtig te wees dat ons nie self meegevoer word deur die valshede wat deur hierdie leraars verkondig word nie.

Uiteindelik roep Judas ons en sy lesers op om op te kyk verby die chaos wat dwaalleraars in ons lewens veroorsaak, na ons hemelse Vader. Hy is die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here. Hy kan ons bewaar van struikeling. Hy heilig ons, sodat ons met vreugde Hom kan aanskou. Aan Hom behoort die heerlikheid, majesteit, die krag en die mag van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid.

Sing: Psalm 25-1:2, 4

Ds. WJ Steyn (Willem) (Potchefstroom-Die Bult)